PARKSIG
Eiendomsagentskap
Huise — Plase — Plotte
Besighede — Standplase
vir 'n eerlike
transaksie
sien of bel
1486 — Na-ure **2054**
(Eienaar: G. Schoonhoven)

die
Wapad

JAARGANG XVIII — 13 MAART 1963 — NR. III

OFFISIëLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

Is u gekys? JA! VERLOOF?
Nog nie... spreek dan
EDDIE DE BEER
Diamantslyper
vir u
VERLOOFRINGE
teen baie billike pryse.
U soek die diamant en ons set hom na u smaak.
Bel: Tannie de Beer (De Klerkhuis) 2226, Potchefstroom
of
E. J. de Beer, 869-1260, Alberton

TWEEDEJAARSPIEKNIEK BAIE AANGENAAM

REELINGS PUIK

Die piekniek wat die tweedejaars verlede Saterdag vir die massa van die Puk gereel het, was een van die aangenaamste wat vir 'n lank tyd op die Puk plaasgevind het. Van die oomblik toe die busse aangekom het totdat elke student weer afgelaai is, is deur elkeen besonder geniet.

Die tweedejaarspiekniek het in die afgelope jare reeds 'n gevestigde instelling op die Puk geword, en die studentelewe is haas ondenkbaar sonder hierdie jaarlikse piekniek.

Saterdagoggend het ongeveer honderd en vyftig dames en mans vertrek vanaf die hek van Thaba Jäh. Reeds vanaf die begin het die tweedejaars die uitstappie iets besonders gemaak. By aankoms is begin met die voorbereiding van die oggendete en spoedig was elkeen voorsien van 'n bord kos en 'n beker koffie.



Mnr. Arrie de Beer

Reelings

Die res van die dag het die reelings baie glad verloop wat tot die genot van die dag bygedra het. Daar is verder voorsiening gemaak dat die piekniekgangers nie die dag ledig sou deurbring nie. Onder andere is daar voorsiening gemaak vir jukskei en krieket. Gesonde koshuisgees het ook hier geheers waar die verskillende koshuise teen mekaar opgetree het.

Daar was egter die wat verkies het om die dag op 'n stiller wyse deur te bring. Ander het weer lang wandelinge langs die dam gemaak. Elkeen het egter die dag op sy eie manier besonder aangenaam gevind. Dit is net jammer dat daar nie meer van die massa teenwoordig was nie.

Namens die massa aan die tweedejaars 'n woord van hartlike dank vir 'n baie aangename dag.



Tweedejaars aan die werk

Regstelling

Na aanleiding van gerugte wat verlede week die ronde gedoen het dat die Wapad deur die firma Potchefstroom Herald oorgeneem is, wil die redaksie van die Wapad dit duidelik stel dat sodanige gerugte geheel en al onsinnig is, en geen verband met die waarheid het nie.

'n Voorlopige ooreenkoms was wel met die direksie van genoemde blad aangegaan dat hulle al die advertensies sal werf. In 'n poging om die Wapad elke week te laat verskyn, het die direksie aangebied om 'n groot deel van die finansiële pligte oor te neem. Al voorwaarde wat hieraan verbonde was, was dat aan elke student 'n gratis eksemplaar van Potchefstroom Herald beskikbaar gestel sou word. 'n Vroeëre verklaring van hierdie aard was nog nie moontlik omdat hierdie saak geensins finaliteit bereik het nie.

Die redaksie vermoed wel dat 'n groot deel van die ontevredenheid uit onkunde voortgespruit het. 'n Groot deel van die massa was egter reg ingelig. Na aanleiding van besware aan hulle kant het die redaksie besluit om nie met die skema voort te gaan nie.

Vreugdedag

Die Vreugdedagkomitee van die Puk sorg vanjaar vir groot beroeringe. Vir die eerste keer in die geskiedenis van Vreugdedag, duur Vreugdedag nie die gebruiklike een dag nie maar wel twee.

Vreugdedag word vanjaar gehou op Lichtenburg en wel op Vrydag 29 Maart en Saterdag 30 Maart. Op Vrydag sal daar geen klasse wees nie en staan dit elke Puk vry om hierdie unieke gebeurtenis vanjaar by te woon. Vreugdedag het volgens die organiseerders reeds stereotiep geword en vandaar dat die Vreugdedagkomitee vanjaar met iets besonders voor die dag kom.

Daar gaan gepoog word, altans die Vreugdedagkomitee onder leiding van mnr. At van den Berg beloof dit, om die hele Wes-Transvaal die dag op Lichtenburg saam te trek. Onder andere sal ook een van die bekendste omroepers van die S.A.U.K. optree as seremoniemeester.

Reeds op Donderdag 28 Maart vertrek al die Pukke per trein na Lichtenburg. Met massastudentesang deur die strate, massaoptogte, boeresport, studentekonsert, die grootste vlotoptog ooit, gaan die verbeelding van die publiek van Lichtenburg letterlik aangegryp word.

Die minimale bedrag van R1.50 word van elke student gevra wat alle koste vir die twee dae sal insluit.

Deur hierdie grootse onderneming aan die kant van die Vreugdedagkomitee, word aan die Puk 'n uitstekende geleentheid gebied om homself op Lichtenburg en omstreke bekend te stel.

Volkspele uniek

Die bestuur van die P.U.-volkspelelaer het besluit dat hulle nie vanjaar soos in die verlede, 'n volkspeledemonstrasie-groep gaan kies nie. Die P.U. Volkspelelaer sal optree as demonstrasie-groep tydens massavolkspele. Die laer sal bestaan uit die persone wat die oefeninge Maandagaande sal bywoon.

Verlede Maandagaand het die eerste oefening op die nuwe skema plaasgevind en was 'n groot sukses. Daar is egter 'n groot tekort aan neefs en 'n dringende beroep word op die neefs gedoen om by die laer aan te sluit.

Die Volkspelebestuur stel 'n toer in die vooruitsig na Pongola in Noord-Natal tydens 'n deel van die April-vakansie.

Verskeie plekke sal onder andere besoek word, soos bv. die Mkuzi Wildreservaat.

Verder word daar ook verskeie saamtrekke deur die bestuur beoog vir die laer. Die eerste in die reeks sal die sestiende Maart in Johannesburg bygewoon word.

Skenking

'n Waardevolle versameling boeke ten bedrae van bykans R200 is op Dinsdag 26 Februarie 1963, deur dr. Kitt, die Duitse Konsul te Johannesburg en sy metgesel Glosauer, die Vise-konsul, amptelik aan die Universiteit oorhandig.

Die skenking wat enkele waardevolle werke op die gebied van die Duitse letterkunde en die fisika bevat is gedoen deur die Deutsche Forschungsgemeinschaft.

'n Besondere aanwins vir die biblioteek is 'n herdruk van die Hollandse Apokalips en 'n blokboek, die bekende Biblia Pauperun wat ook onder die versameling is.

Gelukwensing



Namens die redaksie en al die lesers van die Wapad wens die Wapad die rektor, prof. J. Chris Coetzee van harte geluk met sy verjaarsdag en wil ons die bede uitspreek dat hy nog baie jare van geluk en goeie gesondheid sal mag geniet.

Welkom terug!

- Koop ons inlywings Foto's
- Sien ons Portrette

WIE IS ONS?

FOTOKUNS

Tel. 3185

Tomstraat 82, POTCHEFSTROOM.

die Wapad

Afrikanerstudent en die Buiteland

Die posisie van die Afrikanerstudent met die buiteland, het in die afgelope twee weke weer sterk ter sprake gekom met die besoek van die Belgiese student, Kamiël Pauels, aan die Puk. Verder verskyn daar elders in hierdie uitgawe 'n berig oor twee skerp hoofartikels van die mees gelese wetenskaplike tydskrif in Brittanje, Nature. Hierdie blad het naamlik heftig te velde getrek teen aparte universiteite in Suid-Afrika.

Dit is duidelik sowel aan die gesprekke met mnr. Pauels as uit die tydskrif, dat daar jeens die Afrikaanse universiteite geen vriendelike houding gekoester word nie. In die tyd wat verby is het hierdie aanvalle op die afsonderlike universiteite reeds 'n wye veld gedek. Die mees algemene klag daarteen is dat dit 'n skending van Akademiese vryheid is.

Die groot probleem met hierdie mense is dat hulle nie die volkskarakter van die Afrikaner wil erken nie. Dit blyk duidelik dat op vele terreine die verskil t.o.v. godsdiens, sedelike beginsels ensomeer, van kardinale aard is. Die lewens- en wêreldbeskouing van hierdie mense laat ons nie toe om op enige noue voet van verbintenis te werk nie.

Op sekere vlak moet daar egter wel saamgewerk word. So kan daar wel op die terrein van die Pers wel nuus uitgeruil word. Sodanige saamwerking, op welke terrein ookal, kan en mag geskied maar dit sonder dat ons eie beginsels daardeur opgehef word.

M.S.S.V.

Die bestuur van die Maatskaplike Sorg Studente Vereniging bied aan sy lede vanjaar 'n besondere interessante program. So word daar beoog om moontlik 'n rolprent te vertoon.

Daar is besluit om deur die jaar 'n tema uit te werk, nl. buitelandse invloede op die jeug van Suid-Afrika. Op elke vergadering sal daar dan 'n aspek daarvan behandel word.

Eerskomende Donderdag tree prof. J. H. Coetzee op met 'n lesing oor die Kommunistiese invloed op die jeug van Suid-Afrika.

Al die studente word hartlik uitgenooi om die vergaderings van die vereniging by te woon.

Aanvalle

Onlangs het twee skerp hoofartikels in die mees gelese Britse wetenskaplike tydskrif verskyn, Nature, oor die universiteite en die intellektuele groepe in die Republiek. Die eerste gaan oor 'n toespraak wat gehou is aan Wits deur die bekende Britse wetenskaplike, Sir Eric Ashbly, wat hom sterk uitgespreek het teen die aparte universiteite vir Bantoes in die Republiek. Die tweede was getiteld: „Apartheid in South Africa learned societies".

In A Lig

EFESIËRS 6 : 13:

„Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil, en nadat julle alles volbring het, staande kan bly".

Paulus gebruik die beeld van 'n krygsman wat hom bewapen vir die geveg. Die volle wapenrusting moet hy aantrek, en niks minder nie, anders sal hy sterwe.

Net so is elke gelowige ook 'n krygsman in die leërmag van die ewige God, en net so moet ons ook onsself bewapen — Nie met wapens wat gekoop word met goud of silwer nie. — Nee, uit genade word dit aan ons geskenk, nl. die Woord van God. So is die Heilige Skrif aan ons gegee as middel tot ons saligheid. Daarom moet ons indring in die waarhede van die Woord om ons so toe te rus met die wapenrusting van die geloof, sodat ons staande kan bly in die dag van stryd.

Ons lewe in 'n tyd van geestelike verwildering, 'n lewe wat een groot drama van Godontvlugting is en wat reeds in die paradys begin het, maar ook lewe ons in 'n tyd van legio van valse godsdienste. As ons dan nie ten volle bewapen is nie: Hoe sal ons dan staande bly, onsself kan handhaaf en verdedig? Dan sal ons *moet* val voor die valsheid, val in die hande van die satan wat 'n mensemoordenaar is van die begin af.

Daarom medestudente, laat ons erns maak met die Bybel in ons lewe, sodat ons sy wil kan ken om Hom dan *reg* te dien sodat ons kan staande bly in die dag van onheil en nadat alles volbring is die goedheid van die Here eendag mag aanskou in die land van die lewendes".

G. J. van S. Roos.

DAWIE DUP TIEN JAAR OUD

Een van die nuwere koshuise op die Puk wat nie dateer uit die dae toeka nie, die suidelike deel van Dawie du Plessishuis, het verlede Vrydag sy tiende verjaarsdag gevier. Hierdie koshuis wat later verdubbel het deur die byvoeging van Dawie Dup Noord, het egter in die tyd 'n eie gees en 'n eie tradisie opgebou. Sedert die dae toe „Pa" du Plessis, J. B. du Plessis, Louis Aucamp e.a. Dawie Dup betrek het, het daar reeds verskeie leiersfigure in ons studentelewe uit Dawie Dup te voorskyn getree.

Die dames van De Klerkhuis het saam met die mans van Dawie Dup Vrydagaand gesellig deurgebring. Die dames is getrakteer op tee en verskeie ander eetgoed terwyl daar ook 'n paar asemberowende toertjies deur party van die mans gelewer is.

Ongelukkig vir die inwoners van Over de Voor dat hulle met die saak begin inmeng het want dit het dan ook uitgeloop op 'n geveg tussen die twee koshuise. Die inwoners van Over de Voor het die voordeel dat hulle opgeleide brandweermanne het wat die Dawie Doepers van die koshuis af weg hou met die brandslange.

Wat die manne van Dawie Dup omgekrap het was die feit dat hulle boeke en klere wat op die beddens gelê het, heeltemal veronagsaam is toe die beddens omgekeer is.

Die saak is gelukkig voorlopig geskik.



Ds. Schalk Buys, een van die eerste inwoners van Dawie Dup.

KOLLEGE KAFEE

Gerieflik naby die UNIVERSITEIT.

●

Ons verskaf ETES

●

Alles wat u Hart begeer

Tomstraat 86. Tel. 958

POTCHEFSTROOM

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

Boeke vir Studie en vir Ontspanning

PRO REGE-PERS BEPERK

„Die Potchefstroomse Boekhandel"

Kerkstraat 91—95 Telefoon 1164 & 497

Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM

„VLEIS PASTEI en TAMATIESOUS asseblief . . . "

Turkstra

TE KRY BY U KAFETERIA

Onthou 3091

Potchefstroom

Skakel hierdie nommer vir diens!

DIE BULT APTEEK

Tomstraat 86

Ons spesialiseer in:

- INNOXA-, VITAMOL-, COTY-Skoonheidspreperate.
- Egte Franse DANA PARFUUM, en
- Aptekersbenodigdhede

Ondersteun Oud-Pukke

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS



Dit is die snit wat tel . . .

- ★ Alba Broeke
- ★ Mentone Pakke
- ★ Monatic Hemde
- ★ Battersby Hoede
- ★ Gregory Sokkies

J. TOD SUTTIE

Die Mansuitrusters

Posbus 219 — Foon 1

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

TOMSTRAAT 92 TELEFOON 1389

POTCHEFSTROOM

★

Mooi wintermateriaal

★

Nomotta-wol in voorraad

WARM UIT DIE OOND

Dis warm maar niemand wil kla,
saans is dit soel met sqeezeka,
Daar gaan hul, twee by twee,
Gedienstig, geduldig, gedwee.

Ditsem slepers so moet dinge mos wees, daar was mos nie verniet 'n piekniek nie. Ewenwel laat ek julle eers so iets ouliks vertel. Nou een aand waag ek dit mos, so om en by sleeptyd, in Kulu se sitkamer in om te kyk hoe lyk die plek se sosiale departement. Skaars het ek my in 'n nuwe grys stoel neergevlei, of 'n verdagte geluid soos 'n gekriewel agter die rooi skerm bereik my ore.

Bewusteloos van die feit dat ek loer, bly ek loer. In die hoek op die grond sit Dries en Rietjie — hulle speel Hans en Grietjie. Hans van Zyl sit bo-op die tafel. Op die bank sit Hannes Viljoen en Sannie ewe tevrede. En so uit die niet kom Pieter Kempff en Louis Field. Ewe liefies vra sy toe Pieter is dit vry of verniet. Alles te vergeefs sê ek.

Vry en vreedsaam verkeer die manne deesdae hier op ons Campus. Hulle kys en sleep vir 'n vale. IGNATIUS VORSTER preek deesdae vir LYDIA PELSER. „Wat leer ons hier uit, Lydia? Wanneer kys ons dan?"

GHIBEAU GERBER was 'n tikkie te veel vir TIKKIE TE GROOT en so het hulle saam saam die Gold Rush gewen.

KOOS DU TOIT is met ENGELA SCHUTTE van Paradys gekies, geen wonder hy verkeer deesdae in die sewende hemel nie.

Hou 'n bietjie vir BETS GROBLER dop want vandat sy met FRANCOIS sleep het sy geen probleme met haar hare nie. Dinge gaan ook so vinnig dat ek amper vir LEE BOOYSEN en HENDRIK VAN DER WALT kan gelukwens.

Daar is egter helde wat die tweede stap na die strop geneem het en verloof geraak het. So reken KLAAS BADENHORST vir my dat kys elementêr is. Dit gaan nou baie beter met hom vandat hy en CORA VAN WYK verloof is.

Ook JAN RAS het hom tot die verhoogde status begewe en die afgelope vakansie stil-stil met SUSAN VERHOEF verloof geraak. Baie geluk julle twee.

BOK SCHUTTE het ook gedink dat hy darem nou al 'n jaar skoolgee en dat hy nou maar verloof kan raak aan ELWINA MOESMAN.

CORRIE MONSTER van Johannesburg het die afgelope vakansie ook NAKKIE VENTER deur die ring getrek en nou sit haar vinger daarin vas.

Maar daar is ook die heel uiterstes wat hulle nekke nou finaal in die strop geplaas het.

ROELF MARE en FRANCIS KRUGER het ook hulle kamermaats verruil vir permanente kamermaats. Baie geluk.

LUDWIG RÖDER en CECELIA (Oelofse) het ook die koshuislewe verruil vir die gemak van 'n eie woonstel.

Aan al die gekysdes, verloofdes en getroudes: Weet julle 'n huwelik is net soos 'n sirkus. Eers verloofring dan trouring en laastens vermeerdering.

Aan die manne wat nie gekys is nie ook iets ter opbeuring: Onthou 'n vrou is nes 'n bus. Moenie agter haar aan hardloop nie oor 'n halfuur is daar nog een.

Goeibaai vrinne,
Jaffie Wakis.

SUPERETTE

Tomstraat 100

Potchefstroom

Gerieflike en moderne selfbediening waar u 'n groot verskeidenheid kan kry van

KRUIDENIERSWARE,

KOMBUISBENODIGDHEDE

en

GROENTE teen laer pryse.

DORINGBOME SNAAKS

Op die Kampus van die Puk is daar baie dinge wat snaaks is en wat is soos dit gewoonlik nie is nie. Een van die snaakse dinge is die ry doringbome wat langs die Studenteraadskantoor staan.

'n Doringboom is een van die bome wat net weier om in 'n ry te groei.

'n Verslaggewer van die Wapad het prof. A. P. Goosens, professor in Plantkunde oor die aangeleentheid gaan spreek. Prof. Goosens het die volgende verklaring daaroor gehad. In die vroeëre jare was daar geen sprake van ons pragtige uitgelegde Campus van vandag nie. Die destydse plantkundelaboratorium het in die omstreke gestaan waar oom Gawie Swart se kantoor vandag staan. Op die hoek van die gebou het daar 'n groot doringboom gestaan. Wanneer dit gereën het, het die water uit die geut teen die gebou aangespoel en van die saadjies meegevoer in die rigting waar die Totiussaal vandag staan.

Op 'n dag het prof. Goosens een van die werkers opdrag gegee om 'n lyn te span en die boompies wat nie in 'n lyn staan uit te trek. Later toe besluit is om die Studenteraadskantoor daar op te rig, is besluit om hierdie merkwaardige bome so te behou en is die planne in dier voege opgestel.

P.- DAG

Die afgelope tyd het daar oor die hele Campus asook in die hele dorp plakkate verskyn met die woorde P-dag daarop.

Dit is geen Poqo-aanval nie maar net die redaksie van die Pukkie wat reeds hulle verkoop-veldtog ingelei het. Op 23 Maart breek hierdie dag aan en sal die jaarlikse Vreugdeblad sy verskyning maak. In die Wapad van volgende week sal die redaksie meer besonderhede verstrek.

Vuur in Skaak

Die skaakklub is nog een van die klubs van die Puk wat vanjaar die nuwe jaar aangepak het met groot vuur. Verlede Dinsdagaand is die interkoshuisliga beslis wat reeds Maandag begin is. Die Van Rooy-wisseltrofee is gewen deur Heimat met Dawie Dup kort op hulle hakke.

Die skaakklub sal in die toekoms elke Dinsdagaand in die Dierkunde Laboratorium vergader en elke Puk word hartlik uitgenooi om by die klub aan te sluit. Die klub beloof om goeie kompetisie te gee aan die wat wel kan skaak speel en aan die wat nie kan speel nie sal geleer word om te speel.

Vir die komende jaar is daar volop aksie. Die A.S.B.-kongres lê voor die deur. verder die intervarsity teen U.O.V.S. Verder word daar ook gepoog om wedstryde teen Heidelberg en Pote te reël asook verskeie ander plaaslike kompetisies.

STUDIE of PLESIER?

ONS SAL U TOER VIR U REëL — IN DIE BUITELAND OF BINNELANDS.

ONS DIENSTE IS GRATIS

LUG — SEE — PAD

RAADPLEEG ONS EERS!

DIT KOS NIKS EKSTRA NIE



POTCHEFSTROOMSE REISBURO

Kerkstraat 150 Tel. 1425

POTCHEFSTROOM

TREINBESPREKINGS — — HOTELBESPREKINGS

U is altyd welkom by ons kantoor — Gratis pamflette beskikbaar.

LAKSHEID ONDER STUDENTE

Geagte mede-Pukke,

Kom ons praat reguit. Wat is verkeerd met ons gees, of, anders gestel, het ons Pukke nog daardie samehorigheidsgevoel wat in die algemene studentetaal bekend staan as gees? Dit het tyd geword dat daar daadwerklike aandag geskenk word aan die gees en gesindheid wat daar onder ons studente aan hierdie Inrigting bestaan indien ons ons roeping en taak in hierdie lewe wil volbring en indien ons nog langer aanspraak wil maak op die simboliese waarde wat daar geheg word aan die begrip „student" — ek kan u verseker dat dit glad nie meer so hoog aangeslaan word in die buitewêreld nie omdat die student van vandag in so baie gevalle net nie meer is wat daar van 'n student verwag word nie.

Die groot rede vir die waardevermindering van die begrip „student" lê myns insiens daarin dat die gees by ons studente nie meer gesond en reg is nie. Die rede vir hierdie gebrek aan 'n gesonde gees (L.W. 'n *gesonde* gees) kan op baie plekke gesoek en ook gevind word; ek wil hier net een rede vir u probeer voorhou met die hoop dat ons onsself ten opsigte van hierdie een maar tog belangrike saak sal besin. Mag ek die hoop uitspreek dat mettertyd ook ander oorsake aan die lig gebring sal word met uitsluitlike doel die bevordering van die studentelewe aan hierdie universiteit.

Ons houding en benadering ten opsigte van die beoefening van sport is korrup. In die Griekse opvoedkunde was die basis van die opvoeding die ontwikkeling van die hele mens, van al die vermoeëns en kragte van die gees sowel as van die liggaam van die mens, met die doel die aankweek van 'n ewewigtige persoonlikheid by die mens. Hierdie stelsel het tot vandag toe nog bly voortbestaan en vorm 'n noodsaaklike deel van die opvoedingstelsels in ons land: wie sal ooit die waarde durf ontken van „'n Gesonde gees in 'n gesonde liggaam?" Nou wil ek beweer dat ons gees nie meer gesond is nie omdat ons liggame nie meer gesond is nie. Die balans tussen gees en liggaam is m.a.w. versteur — ek beweeg seker nou op gevaarlike terrein, dog dit is my eerlike gevolgtrekking waartoe ek geraak het.

Ek wil dit egter duidelik stel dat dit nie primêr gaan net om die liggaamlike aspek van deelname aan sport of ontspanning nie, maar ook en veral oor dit wat verkry word deur sodanige deelname, aan dit wat deelname in die regte gees natuurlik, bied aan die beoefenaar van sport en wel in die vorm van persoonlike satisfaksie, karaktervorming en ontspanning. Dit verskaf nie alleen net liggaamlike oefening nie (waarsonder ons nie kan klaarkom nie), maar deur deelname aan sport en spel word ook op 'n gedissiplineerde wyse uiting gegee aan die drange van die mens, aan die spel-, erkennings-, geldings- en sosiale drange, wat andersinds miskien op onwettige, afbrekende en eerlose maniere tot uiting kom. Deur deelname aan sport word ook die eie ego in bedwang gehou, die persoonlikheid word gevorm en vervorm; in kort: deelname aan sport, indien in die regte gees maak van die mens ware mens, mens in die volste sin van die woord.

Wat is die posisie met die beoefening van sport aan die P.U., of, sal u miskien vra, wat is verkeerd daarmee? Ons het veertien sportklubs onder patronaat van die S.R., enkele andere wat in die nabye toekoms om inskakeling sal vra; ons neem deel aan die ligas en toernooie en aan Intervarsity — en wat is dan verkeerd met die Intervarsity-gees? Toegegee, daar bestaan wel 'n Intervarsity-gees, dog Intervarsity is slegs een moment in die beoefening van sport aan die Universiteit en is gebaseer op die bestaan en die bloei al dan nie van die onderskeie sportklubs. Dit word voorafgegaan deur 'n lang seisoen, die sportklubs is vir hul voortbestaan afhanklik van lede en ondersteuners wat nie net met Intervarsity hul kragte wil ingooi nie — gewoonlik dan slegs met die eie eer as doel vooropgestel. Die lede en die ondersteuners van die klubs — albei is van ewe groot betekenis — bestaan nie uit 'n spesiale groepie studente wat net met die oog daarop op Universiteit is nie, maar dit is u, as individue en ook as studentemassa, wat die bestaansreg en die sukses van die sportklubs bepaal. Soos so dikwels die geval, bepaal die gees en gesindheid van die enkelinge ook hier wat die gees en gesindheid van die massa sal wees.

Hoe is dit nou gesteld met ons sportklubs? Terwyl so baie van ons studente nie weet wat om met hulself aan te vang nie en in die proses dinge doen wat geen vormende waarde het nie, is ons sportsoorte stadig maar seker besig om ten gronde te gaan weens gebrek aan deelnemers en belangstelling. As daar dan maar net meer tyd aan die akademiese sy van student-wees bestee word, sou dit nog in 'n mate as verskoning en as satisfaksie kon dien, dog nou word dit ook nie eens gedoen nie. Die krieketklub voer 'n sukkelbestaan ten spyte van uiters lofwaardige pogings van 'n klein groepie studente wat poog om dit aan die lewe te hou en om ons Universiteit se naam op hierdie gebied hoog te hou: die bofbalklub, judo, jukskei, ja, al ons sportklubs voer 'n sukkelbestaan.

Neem die geval van die atletiekklub, wat seer sekerlik een van die sterkste klubs aan ons Universiteit behoort te wees. Enkele weke gelede is daar 'n eerstejaarsbyeenkoms gehou waaraan slegs enkele eerstejaars deelgeneem het — die byeenkoms was spesiaal gereël om te sien watter talente hierdie klub vanjaar van die skole getrek het. 'n Paar seniors moes alles in die stryd werp om die byeenkoms van 'n volslae mislukking te red.

Rugby. Die hoofsportsoort aan die Universiteit . . . die toppunt van die Intervarsity elke jaar is dan ook die botsing tussen die eerste spanne van ons Universiteit en die Kovsies. Vanjaar het hierdie klub begin met slegs drie senior spanne en een onder negentienspan in vergelyking met die 7 spanne waarmee vorige jare begin is. Minder as 20 eerstejaars het die algemene jaarvergadering bygewoon, slegs 14 junior-eerstejaars het hul opwagting by die veld gemaak verlede Maandag. Die posisie vererger elke jaar, en weer is dit net 'n handjievol persone wat probeer red wat te redde is. Kan 'n mens verwag dat hierdie klein groepie persone altyd die naam van ons Universiteit op die sportvelde moet hooghou . . . en u kan dit gerus maar in gedagte hou, *die naam van hierdie Universiteit is ten nouste verbonde aan die prestasies en optrede van die studente van hierdie Inrigting.*

Waar is al daardie eerstejaars wat hier op die Puk aangekom het en op hul identifikasiekaarte onder die opskrifte prestasies en belangstellings gespog het met die aantal sportsoorte waarin hulle dan kwansuis sou belang stel? Moet u, studente van die Puk, altyd gesoebat en gelek word om ook 'n deel by te dra ter bevordering van dit wat vir u, eerstejaars sowel as seniors, dierbaar behoort te wees? Is die kern van die saak nie miskien geleë in die wanopvatting wat daar jaarliks by die eerstejaars posvat m.b.t. die sg. vryheid wat hulle verwerf het deur na 'n Universiteit te kom nie? Het u dalk vergeet, of het u dit nog nie geleer nie, dat alle vryheid gepaard gaan met verpligtinge, en in hierdie geval het u groot verpligtinge wat u teenoor u Universiteit moet nakom voordat u met reg daarop kan aanspraak maak om waarlik student van hierdie inrigting te kan wees.

Miskien is dit nog te vroeg om op hierdie stadium te oordeel, dog alle tekens wys in die rigting dat ons vanjaar swakker as ooit in die verlede bedeeld is wat eerstejaars aanbetref. En hulle is die seniors van môre . . . waar gaan dit alles eindig?

Maar ons as seniors hoef ons nie nou te verlustig daarin dat ons nou 'n sondebok vir die wantoestande gevind het nie. Ons was ook almal eerstejaars en ek wil beweer dat ons vandag die wrange vrugte pluk van 'n proses wat twee, drie en selfs vier jaar gelede begin is. Het ons nie ons plig destyds al versaak nie, en is ons nie steeds besig om deur ons onaktiwiteit die proses van aftakeling verder aan te help nie? Het dit nie hoog tyd geword dat daar 'n einde gemaak word aan die doellose rondslentery, die onsinnige praatjies, die uitspattigheid en die ligsinnigheid wat so baie van ons tyd in beslag neem en ons weerhou daarvan om iets positiefs ter opbouing van ons eie persoonlikheid en ter wille van ons Universiteit te doen nie?

Dit het tyd geword dat ons ons baie ernstig moet besin oor die rol en taak wat ons op Universiteit het om te vervul, om ons los te ruk van die wanopvatting wat ons huldig oor wat student-wees en die studentelewe in wese is. In sy huidige vorm is die studentelewe 'n holle en leë term, deur ons eie toedoen. Daar is so min vormende waarde geleë in die studentelewe soos ons dit hier ken en ervaar. En waar dit die taak van veral die Universiteit is om die leiers van die toekoms te lewer (en ons is tog so geneig om onsself op die bors te tik wanneer hierdie woorde geuit word!) sal daar net eenvoudig 'n drastiese hersiening moet kom van die rol wat die student op die oomblik speel in die bereiking van hierdie ideaal.

Voel u die geweldige uitdaging aan? En, wat gaan u, as enkeling en gesamentlik as massa, in hierdie verband doen? Gaan ons onsself deeglik ondersoek en self die fout probeer uitskakel, of . . . en ek huiwer om dit te noem, gaan ons gebrek om dit te doen tot gevolg hê dat daar miskien van owerheidsweë in die bestaande toestande ingegryp word? As u miskien dink dit is nie moontlik nie, wil ek net weer u aandag daarop vestig dat oefening van die liggaam onlosmaaklik verbonde is aan die opvoeding, en dit is die taak van die opvoeder om ook om te sien na hierdie aspek van die opvoeding van die pupil. Maar so 'n optrede hoort m.i. nie tuis by 'n Universiteit nie.

Slegs deur u heelhartige samewerking kan ons sukses behaal. Ek dank u vir u aandag.

P. F. van der Schyff.

„LIEWE INGRAM, EK VERLANG . . ."
„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN . . ."

Besoek:

INGRAM SE DRANKWINKEL

Allerlei

★ WYNSOORTE, BIER EN STERKDRANK
★ DRUIWESAP, CYDER, LEMOENSAP, TAMATIESAP EN
in bottels en blikkies

ONS VERKOOP ALLE SOORTE KOELDRANKE

Kerkstraat 122
Posbus 171 — Tel. Nrs.: 12 en 2582

BESOEK ONS VIR VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GEHALTE

Transvalia Meubels

Tel. 2157 Kerkstraat 180

POTCHEFSTROOM

„ONS MEUBELS WORD ERFSTUKKE"

Ontevrede

Meneer die Redakteur,

Die jongste Wapad was vir my 'n baie groot teleurstelling. 'n Studentekoerant is immers 'n blad wat deur studente geskryf word, vir studente en oor die studentelewe. Allermins is dit 'n politieke-traktaatjie wat in werklikheid 'n „Skoolblad-Transvaler Digest" is, plus 'n uiters onvanpaste byvoegsel van die Herald.

As 'n studentekoerant moet die Wapad m.i. 'n weerspieëling van die tipiese studentegebeure aan die Puk wees. Wat van Gatland wat Paradys geword het, die besetting van Over de Voor en Oosterhof, ons studentegetalle (meer as 2000 en 'n rekord nie waar nie, meneer die Redakteur), toere, rugbydae, Pukkieverkope, Vreugdedag, ens. ens.

Bogenoemde behoort in die kolomme van Die Wapad of hoe meneer die Redakteur?

Ontevrede.

(Dit bly steeds die beleid van die redaksie van die Wapad om nuus oor die studente aan u te bied. Dit berus egter by die diskresie van die redaksie om te besluit uit watter bronne hy sy nuus neem. Verder moet u besef dat elk van die redaksielede steeds studente bly en nie elke oomblik kan gebruik in die naspeuring van nuus nie. Die laaste drie onderwerpe van nuus is deur die redaksie genader maar die nuus was op die tyd nog nie beskikbaar gestel nie. Soos u wel sal merk verskyn die betrokke berigte in vandag se uitgawe.

Met betrekking tot u uitlating oor die Herald, neem ek aan dat u nie oor die juiste inligting beskik nie en verwys ek u na die regstelling op die voorblad.

Ek vra u egter om kommentaar te lewer oor die uitgawe van vandag en wel dié keer onder u eie naam. — M.A. Red.)

A.S.B. voer Twee goue Beddens van Mikro op.

Die tak van die A.S.B. aan die buitemuurse afdeling van die Universiteit van Pretoria voer eerskomende Saterdagaand 'n toneelstuk op, die „Twee Goue Beddens" van die bekende Afrikaanse skrywer Mikro.

Terselfdertyd sal die opvoering dien as die primier van die stuk van Mikro. Die gevierde skrywer sal dan ook hierdie openingsaand deur sy teenwoordigheid vereer.

Die toneelstuk wat in drie bedrywe geskryf is word opgevoer onder leiding van mnr. Piet Strydom.

Die prys is 30c per persoon en die plekbesprekings word deur die firma Fotokuns gedoen.

Retha le Roux lewer groot verassing in tennis

Die P.U. Tenniskampioenskappe wat die afgelope naweek begin het, het reeds een groot verrassing opgelewer. Retha le Roux, terloops sy het verlede jaar vir Stellenbosch tennis gespeel, het betreklik maklik daarin geslaag om die Pukke se nommer een damesspeelster, Anna Venter onder die knie te kry. Mej. Le Roux is vanjaar 'n U.O.D.-studente.

Maar Retha le Roux het nog verder gegaan en baie maklik die halfeindronde bereik nadat sy vir Helen Dreyer met 6—3; 6—0 uitgeskakel het. Op hierdie stadium kan sy as die gunsteling beskou word vir die dames enkelspeltitel.



Origens het die kampioenskappe volgens plan verloop, en geen ander verrassings is opgelewer nie. Wat die mans enkelspel betref het Pieter van der Walt, Danie Morkel, Theo Malan en J. Lindeque reeds die kwarteindronde bereik. Willem Vorster, Pieter van der Walt, Lappies Labuschagne, Theo Malan, Dawie Smith kan beskou word as die vernaamste aanspraakmakers op die mansenkelspeltitel. Hier sal die kompetisie beslis baie taai wees en spel van hoë gehalte word verwag.

In die mans dubbelspel het Lappies Labuschagne en Willem Vorster, asook Pieter van der Walt en Dawie Smith tot die halfeindronde deurgedring.

Die kampioenskappe het vanjaar onder 'n baie aangename gees plaasgevind en het tot sover die volle ondersteuning van al die spelers geniet. Aanstaande Saterdag wanneer moontlik sommige van die finale afgehandel sal word, behoort sommer tennis van baie hoë gehalte op te lewer.

Vasvra wek groot belangstelling

Nie alleen het die vasvrareeks hierdie jaar 'n groter opvoedkundige waarde nie, maar word dit gekenmerk deur 'n groter belangstelling en goeie onderlinge gees, het mnr. Francois de Villiers, voorsitter van die Debatsvereniging gesê.

Daar is weer gebruik gemaak van die suksesvolle uitklopbasis van verlede jaar en die uitdunne is onderskeidelik deur Uitspan, Over de Voor en Dawie Dup gewen. Hulle sal dus in die finaal teen mekaar meeding op die 4e April om die Ingram-Wesselbeker.

Mnr. De Villiers het voorts gesê dat die vrae hierdie jaar nie gestel word om alleen objektiewe feite kennis te toets nie. By die stel van die vrae word eers die agtergrond deur die vraesteller geskets en dan 'n vraag in verband daarmee gevra.

Wes-Transvaalse
SPORT-WINKEL
Kerkstraat 85
enigste
verskaffer
van
Offisiële
Kleure

Krieketklub neem nuwe veld ingebruik

Verlede Saterdag het die krieketklub sy nuwe baan op die terrein op die Oude Molen ingebruik geneem, met die wedstryd teen Milner Old Boys. Weens die swaar reëns Vrydag was die blad egter heeltemal deurweek en baie moeilik speelbaar.

Old Boys het in die eerste beurt 124 lopies behaal voordat hulle hulle beurt gesluit verklaar het met sewe paaltjies reeds plat.

Die kaptein van die Pukke het weereens puik vertoon en vyf paaltjies laat kantel.

Daarna het die Pukke gaan kolf en op die oomblik is die telling 35 lopies vir vier paaltjies met Mynie Monster nog voor die penne met 25 lopies.

Hierdie wedstryd word aanstaande Saterdag afgesluit.



Dick Putter

Geologie vergadering goed bygewoon

Op 'n vergadering van die Geologiese vereniging wat op 6 Maart gehou is, het mnr. A. A. Bisschoff, lektor aan die Universiteit in Geologie 'n oorsig van die huidige jaar se ekskursies gegee.

Hy het sy lesing toegelig met skyfies oor vorige ekskursies en ondernemings.

Verblydend is die feit dat dit die beste opkoms was wat die Geologiese vereniging in 'n lang tyd gehad het.

Rugbyspelers oefen reeds

Met die komende seisoen reeds net om die draai is die rugbyspelers van die Puk reeds kliphard aan die oefen. Die eerste amptelike oefening het reeds meer as 'n week gelede begin, met die eerste belangrike wedstryd oor tien dae teen die oudstudentespan.

UKOVS

Uit Bloemfontein het ons berig ontvang dat die Ukovs-spelers ook reeds aan die oefen is. Daar word verneem dat hulle al hulle eerstespan-spelers van verlede jaar met die uitsondering van een behou het. Met name soos Travers Jordaan, Gert Celliers e.a. kan hulle vanjaar tot 'n geweldige sterk kombinasie ontwikkel.

MATIES

Uit Stellenbosch kom die nuus dat die rugbyklub van die Maties vanjaar oor meer as duisend spelers beskik en sestig spanne in die W.P.-liga ingeskryf het.

Kulu gaste van over de voor

Verlede Donderdagaand was Kulu die gaste van Over de Voor tydens 'n suksesvolle Intertee.

Die sagte rooi beligting van Over de Voor se sitkamer waar die geselligheid plaasgevind het asook gepaste platemusiek en die Over de Voor orkes het alles bygedra tot 'n romantiese atmosfeer.

Met die genieting van koek en tee te midde van die aangename verkeer tussen die mans en die dames blyk dit dat die aand baie suksesvol was.

Die hoogtepunt is bereik toe die twee koshuise net na twaalfuur namens die P.U.-studente ons agbare Rektor seën en voorspoed op sy sewentigste verjaarsdag gaan toesing het. Die Rektor het met diepe waardering sy dank betuig.


Over de Voor en Kulu het in hierdie opsig baanbrekerswerk verrig en die hoop en vertroue is dat daarop voortgebou sal word ten opsigte van ander gesiene persone aan ons Universiteit.

ONDERSTEUN ONS ADVERTISERS

Puik rugby verwag

Die rugbyklub van die Puk open aanstaande Saterdag sy aanbiedinge vir die Puk-studente deur die rugbydag wat dan gehou sal word. 'n Baie interessante program word deur die organiseerders aangebied.

Die program wat om eenuur die middag begin, sluit vyf wedstryde in. Onder die voorwedstryde sal daar onder andere skolerugby aangebied word. Daar word gepoog om die eerste spanne van Afrikaans Hoër Seunskool teen die span van Gimnasium te laat optree.



Toy Dannhauser voormalige slot en heelagter van die Pukkie, wat as skopper groot naam verwerf het.




Jan van der Schyff

Die eintlike belangstelling word deur die hoofwedstryde verskaf. Hierin tree die eerste span van die Puk op teen 'n span van P.U.-oudstudente. Die span van oudstudente sluit onder andere dertien provinsiale spelers in. Onder andere verskyn daar name soos Stoney Steenkamp, die kaptein, Dick Putter, Toy Danhauser en Jan van der Schyff.

Thalia vroeg bedrywig

Die toneelvereniging is reeds hard aan die organiseer aan die toer wat gereël word vir die komende Junievakansie. Eerskomende Donderdag word reeds die rollesing gehou om die toergroep te kies. Almal wat belang stel om vanjaar te gaan toer moet teenwoordig wees.



SPAN WÊRELDWYD DIE KROON
DIE WÊRELD SE GROOTSTE VERKOPER IN KING SIZE VIRGINIESE SIGARETTE

Dubbele genot: koningsformaat, luukse filter, uitsoektabak
KSF 274b

Nederlandse swemsters lewer pragvertoning

Die ses swemsters uit Nederland, Hetty Balkenede, Nienke te Riet, Frieda Ichenberg, Anna Appels, Lucie Bakker en Betty Heukels, het Maandagaand in die swembad van die P.U. vir C.H.O. vir pragvertonings gesorg.

Op die maat van die musiek het hulle „Klompendans, Hongaarse dans, Siesta Fiesta, Grafin Maritza, Hula Hawai, Broadway, Russische dans, Herinnering aan Wenen, Indianen dans en Jungle fantasy" uitgevoer.

Betty Heukels het 'n vertoning van die Vryslag, Flinderslag en Borsslag gelewer.



Prof. Sorgdrager

Voordat die Nederlandse dames opgetree het was daar heelwat opwinding onder die ongeveer 1,500 toeskouers toe daar verskillende spanne opgetree het. Daar het eers 'n paar skoolspanne teen mekaar kompeteer maar later het die Seniors teen mekaar opgetree.

In die item Aflos 4 x 33⅓ tree vir mans, het Weermag koning gekraai, Onderwyskollege was tweede met Universiteit A derde, terwyl Proefplaas vierde was.

Die 4 x 33⅓ vir dames is gewen deur Onderwyskollege A, tweede was Universiteit A, derde Normaal B en vierde was Universiteit B.

Alle eer aan prof. Sorgdrager wat alles in sy vermoë gedoen het dat die swemgala van Maandagaand so 'n groot sukses was. Prof. Sorgdrager het alles georganiseer en ook die elektriese ligte by die swembad verkry vir die geleentheid.

Die blaasorkes van die Weermag het ook baie aandag geniet met hul puik vertoning langs die swembad.

Dr. L. Bester, Voorsitter van die W.T. Swemunie het die Nederlandse dames aan die publiek voorgestel en ook aan die einde van die program alle bedankings gedoen.


Die wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk, Olënlaan 11, Potchefstroom vir die eienaars en uitgewers, die S.R. van die P.U. vir C.H.O.

JUKSKEI

Nog 'n klub wat van hom laat hoor het, is die Jukskeiklub. Daar is aan die klub ses bane toegestaan, maar daar is nog nie 'n begin gemaak met die bou daarvan nie. Hulle eerste oefening het reeds verlede Woensdag plaasgevind. Weens die feit dat die klub tans nie oor bane beskik nie, maak hulle tans gebruik van die bane van Potchefstroom Dorp.

Debbie Eloff

Hoewel die klub 'n hele paar spelers verloor het, het hulle genoeg oorgehou om steeds deeglik van hulle te laat hoor. So is daar mej. Debbie Eloff wat reeds vir Wes-Transvaal opgetree het en gekies is as reserwe vir die uniale toernooi wat in die eerste week van April op Kroonstad gehou word.



'n Nederlander in aksie


HERTOETREDE



Die bekende langasem van die Puk wat 'n jaar of twee gelede vir een na die ander briljante vertoning gesorg het, het weer sy verskyning op die atletiekbaan gemaak. Hy het dan ook weer vir 'n puik vertoning gesorg toe hy die 880 tree op die eerstejaarsbyeenkoms gewen het met die uitstekende tyd van 1 min. 58.3 sek.

ATLETE LEWER PRAG VERTONINGS

Verlede Saterdag het die atlete van die Puk tydens die jaarlikse P.U.-kampioenskappe, voor die dag gekom met van die beste prestasies wat die kampioenskappe in 'n lang tyd opgelewer het.



Hentie Joubert

Een van die uitblinkers was beslis Willie Coetzee, wat in vier nommers ingeskryf het en in al vier nommers puik vertoon het. Met tye van 10.2 sek. in die honderd tree, 52.2 in die 440, 'n skitterende 14.6 in die 220 tree hekkies en 'n ewe puik 25 sek. in die 220 tree hekkies. Die laaste drie nommers het hy dan ook in nuwe rekordtye afgelê. Op grond hiervan is aan hom die Pan Coetzee-beker vir die beste junioratleet toegeken.

Die Pan Coetzee-beker vir die beste mansatleet is toegeken aan Pietman Botha wat die 100 tree (10 sek.), die 220 (21.9) en die 440 tree hekkies in die goeie tyd van 56.9 sek. gewen het. Marie van Aswegen van P.O.K. was die beste damesatleet met rekordpogings in die volgende nommers: 100 tree (11.8), 220 (27) en gewigstoot (37 vt. 2¾ dm.).

Hentie Joubert was ook een van die uitblinkers wat ten spyte van 'n geringe beenbesering die 440 tree gewen het in die goeie tyd van 49.9 sek. In die honderd tree het hy duime agter Pietman Botha geëindig in 10 sek.

Ander goeie vertonings was: 120 tree hekkies: W. Cook (S.A.P.) 15.2; diskus, Koos Hattingh 126 vt. 7½ dm.


Dis nou vir jou lewe, hoor!... en DIS VIR JOU BIER!

Gawe geselskap, geurige kos en koue Castle!

As daar te kies en te keur op die tafel is en 'n man jou eerste watertandlekker hap neem – is koue Castle dubbel welkom. Heerlike, skuimkoue Castle is geurryk aan smaak en kragryk aan goeie, gesonde bestanddele, daarby pas dit by iedere geleentheid. Geniet Castle – die keurbier vir louter plesier – in kannetjies of bottels.



SUID-AFRIKA SE UITSOEKBIER



Grant 345/6877-2A